# BOEKBESPREKING.

Dr. J. A. Heyns: **Die Grondstruktuur van die Modalistiese Triniteitsbeskouing**; J. H. Kok, Kampen, 1953.

Dit is 'n proefskrif wat aan die Vrije Universiteit van Amsterdam aanvaar is vir 'n doktorsgraad in die Teologie, wat aan die kandidaat cum laude toegeken is.

Ons wil dr. Heyns graag van harte gelukwens met hierdie onderskeiding en hom hartelik weer terugverwelkom in ons vaderland, waar die teologiese wetenskap sekerlik op sy geslypte vermoëns wag. Elkeen wat hierdie proefskrif lees, sal sy eksaminatore toestem dat dit 'n werk van deeglike gehalte is. Hier is diep gegrawe.

Waar dit om gaan?

Oor een van die baie belangrike en ingewikkelde vraagstukke wat uit die kerkgeskiedenis van soveel stryd en worsteling spreek. 'n Mens kom onder die indruk dat Gods kerk oor baie woelige waters gevaar het om te kom waar hy is. Hoe dankbaar moet ons wees dat die geleerde diskussies van die verlede ons nie van die eenvoudige grondslag van Gods Woord afgestoot het nie.

Ek meen dat ek met reg kan sê dat nie veel studente in die dogmatiese rigting so 'n onderwerp sal kies vir 'n proefskrif nie. Dit handel oor die triniteit van God en dan meer bepaald oor 'n ernstige afwyking of kettery wat deur die Gereformeerde leer weer onderken is. Die modalistiese triniteitsbeskouing spreek van die drie Persone in die Goddelike Drie-eenheid as drie bestaanswyses van dieselfde Goddelike Wese. Dus: daar is nie drie afsonderlike Persone nie, maar slegs drie modaliteite. Daarom kan op hierdie standpunt dan nie van 'n drie-eenheid gespreek word nie, hoogstens net van drie soorte van openbaring van dieselfde God.

Die onderwerp is aktueel genoeg. Modaliteite het eintlik 'n uiters moderne woord —en nogal aanloklik—geword. By die kerkbegrip hoor ons ook deesdae daar veel van. Ons het nou nie meer verskillende kerke nie, maar daar is modale verskille tussen die kerke.

Die onderwerp is logies behandel, helder deurdenk en in vrywel bevatlike taal weergegee vir iemand wat geskoold is in teologiese en wysgerige terminologie.

Om sy onderwerp deeglik te deurvors moes dr. Heyns dogmenhistories te werk gaan. Inleidend stel hy die belangrikheid van sy tema. As die triniteitsgedagte prysgegee word stort alles in duie, net soos wanneer die son nie opkom nie, alle fisika meteen inmekaarval. Dit geskied nie om die leerstuk van die Triniteit ontwil nie, maar omdat God self as Drie-enige, as grootste van alle werklikhede, ons ontneem word. Onmiddellik kan skepping en herskepping, kerk, verlossing, wederkoms e.d.m. nie verklaar word nie. Nie verklaar word nie? Nee, dit kan veeleer nie bestaan nie.

Geneties word die modalisme afgelei uit die Monargianisme as eerste poging om die Goddelike eenheid redelik te verklaar deur die onderskeid tussen die drie Persone te ontken of die tweede en derde Persoon se Goddelikheid te loën.

Nou volg 'n wandeling deur die Patripassianisme met sy identifiëring van die Vader en die Seun na die eintlike modalistiese triniteitsbeskouing soos te vinde by Sabellius, Marcellus, Joachim en Servet. Saam met hierdie persone word ook gekoppel Schleiermacher en Seeberg. In 'n Bylae passeer ook Barth en Brunner die revue, en ontkom naelskraap aan modalistiese ooreenkomstrekke, wyl die skrywer oordeel dat die ooreenkoms slegs skynbaar en van terminologiese aard is.

Dr. Heyns volg die probleem-historiese metode van weergawe van die opvattinge. Dit is seker die moeilikste weg om te bewandel, maar hierdie metode het sy voordele bo die bloot objektief-saaklike metode. As die begrippe weergegee word in die taal van die skrywer, moet daarna nog weer opsommenderwys in eie woorde die plek van die opvattinge in die kader van strominge weergegee word. Daar mag besware wees teen die probleem-historiese metode, bv. dat die waarde van Schleiermacher as reaksionêre gees teen die verstarring van die rasionalisme nie voldoende gewaardeer kan word nie. Tog win hierdie metode dit by tipering en daarin slaag dr. Heyns uitnemend om sy materiaal te verwerk, die grondidee van waar uit die saak benader moet word, raak te vat. Hy het ook geen moeite om daarna 'n juiste en suiwer oordeel te vel nie.

Hoofsaaklik sentreer die probleem oor die opvatting van openbaring. Triniteit is vir die modalisme geen triniteit buite die openbaring om nie. As ons dus die openbaring van God suiwer sien, kan van daar uit ook die grondkritiek teen die modalisme gemik word. Hier is ook werklik die krag van die Gereformeerde teologie en in 'n paar bladsye word die Skriftuurlike openbaringsbegrip aan ons weergegee, sowel wat sy inhoud as sy karakter aanbetref. God gaan nie in sy openbaring op nie, maar God is ook nie anders as sy openbaring nie. „Die wese van God is nie 'n vierde entiteit agter die drieheid van die Persone nie, en lg. geen konstituerende dele van hierdie Wese nie, maar in elke Persoon is die ganse Wese geheel aanwesig" (p. 174).

Ons wil vertrou dat ons nog meer in ons eie land sulke diepgaande studiewerke mag lees. So 'n proefskrif vul ons teologiese literatuur aan met iets besonders. Ons Suid-Afrikaanse studente kan ook presteer, maar weens die swak opname deur die publiek en die hoë drukkoste, is die proefskrif gewoonlik die laaste wetenskaplike werk wat 'n student publiseer. Hierin

moet op een of ander tyd verandering ten goede kom. Intussen is ons hartlik in die verwelkoming van 'n deeglike studie.

S.P.v.d.W.

* * *

Kl. Runia: **De Theologische Tijd bij Karl Barth met name in zijn Anthropologie.** 1955. T. Wever, Franeker. Prys 22/3 posvry.

Hierdie proefskrif van dr. Runia ter verkryging van die graad Dr. Theol. aan die Vrye Universiteit te Amsterdam, handel oor een van die aspekte van die teologie van Barth.

Dit is verrassend dat Barth weer besonder in die kring van belangstelling kom, juis op 'n tyd dat verwag was dat teoloë haas uitgesels is oor sy nuwe klank. Nog steeds skyn dit asof daar nuwe gesigspunte ontdek word waarin Barth die geeste tog telkens inspireer om opnuut rekenskap te gee.

En so het ons dan hierdie onderwerp vir 'n doktorsgraad oor 'n aspek van die teologie, genoem *Die Teologiese tyd.* Persoonlik kan ek nie juis sien waarom en hoe 'n mens kan praat van teologiese tyd nie. As sodanige terminologie toelaatbaar is, sou ons ook wel kan spreek van antropologiese tyd, filosofiese tyd, ens. Al dadelik word dan toegegee dat tyd nie iets objektiefs is nie, maar slegs 'n vorm. Ek kon die gevoel nie verberg nie, dat ek die woord teologiese hier misplaas gesien het. Die bedoeling is eintlik: Die funksie van die begrip tyd in die teologie van Karl Barth. 'n Mens kon dit ook duidelik aanvoel hoe in die gedeelte wat handel oor Christologie en Anthropologie heel weinig oor tyd gespreek is.

Benewens die algemene analise vind ons hoofstukke wat handel oor Christologie en tyd, Christologie en antropologie, Christologie en esgatologie en ten slotte 'n hoofstuk oor koninkryk Gods en tyd.

Die kritiek het my weldadig aangedoen, veral in teëstelling tot die wydlopendheid wat in die jongste tyd kenmerkend geword het by talle Nederlandse werke. Eintlik is die kritiek in veel gevalle van die aard dat skrywers bra verskoning vra dat hulle eintlik van hul kollegas moet verskil. Dr. Runia het soms wel striemend te werk gegaan en onses insiens heel tereg. Dit is verantwoorde kritiek wat wetenskaplik nie alleen verdedigbaar is nie maar selfs noodsaaklik. Hy bou sy saak logies op en kan dan tot geen ander besluit kom nie. Ons lees bv. so 'n skerp kritiek op p. 117: „Barth heeft o.i. in zijn soteriologische visie op de schepping de grenzen van de speculatie overschreden, waardoor de lijnen onherroepelijk scheef komen te lopen en er in feite een *devaluatie van de historische orde* van schepping-val-verlossing plaats vindt". In verband met sy bekende christomonisme lees ons op p. 122 in verband met sy antropologie „Men zou hier kunnen spreken van een anthropologie, die in wezen Jesu-logie is. Zo merkt van Oyen in zijn bespreking van deze anthropologie op: er is slechts één absoluut voldragen potentie, die in actu. treedt: Jezus. Menszijn is Jezus-zijn"

Wat is tyd vir Barth? Eintlik is dit drieërlei, nl. geskape tyd, ons tyd en openbaringstyd. Tyd is dus nie iets selfstandigs nie, dit is die bestaansvorm van die geskapene. Van die geskape tyd weet ons heel weinig, want die sonde het tussen ons en daardie tyd gekom. Ons kan alleen glo dat God die tyd geskep het. Ons tyd is die tyd soos ons dit onder die sonde gemaak het en het niks te doen met die geskape tyd nie. Openbaringstyd is genadetyd want Jesus Christus is die openbaring. Openbaring tog is vir Barth die daad van God waardeur hy Homself onthul deur uit 'n omhulsel na vore te tree. Hierdie omhulsel is die tyd, God tree uit ons tyd na vore om tot die openbaringstyd te kom. Tereg kan die skrywer vra: is dit nog werk-

like tyd? Is dit nie 'n woordespel om hierdie tyd nog tyd te noem nie?

Dr. Runia het ten oorvloede in hierdie proefskrif van hom geillustreer hoe Barth eintlik in die Skrif bewyse soek vir sy filosofiese apriori. Dit wil die skrywer nie prontuit beweer nie, maar ek is oortuig dat hy dikwels begerig was om dit kaalkop te doen, maar hy moet in 'n wetenskaplike werk wetenskaplike bly. Is die Skrif werklik Boek van godsdiens, of het dit die weiveld geword vir die dogmaticus? Barth is so moeilik aan te pak want in die dialektiese skema pas sulke begrippe soos waar en vals nie meer nie, want albei is ewe waar, gesien vanuit 'n vooraf aanvaarde dialektiese apriori. So 'n konstruksie mag 'n eie briljante vinding wees, maar is waarlik nie Skriftuurlik nie. Om nou maar Skriftuurplekke aan te haal en hulle dan sodanig uit te lê dat dit duidelik word dat iets in-gelê word, is waarlik onverantwoord. Wie van inlegkunde voorbeelde wil hê, kan maar Barth se werke lees en kan hom in hierdie proefskrif ook voldoende oortuig.

Ek het 'n paar wesenlike trekke uit hierdie lesenswaardige proefskrif aangehaal om aan te toon dat hier navorsing van hoë gehalte gedoen is en dat dit vir die student in redelik bevatlike vorm aangebied word. Vir die dogmaticus is besinning op Barth 'n verpligting en hierdie studie is werklik insiggewend.

S.P.v.d.W.

* * *

Dr. L. H. Badenhorst: **Die aandeel van die Kerk in die opvoeding spesiaal in die Kaapprovinsie.** Akademiese proefskrif Vrije Universiteit Amsterdam. Swets & Zeitlinger, Keizersgracht 471, Amsterdam, 1955. 276 bladsye. Prys nie vermeld nie.

In hierdie akademiese proefskrif gaan die skrywer die rol van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die onderwys na. Nadat die agtergrond van hierdie kerk se onderwysbeleid kortliks geskets is, gaan die skrywer oor tot die behandeling van die historiese verloop van die kerklike optrede i.v.m. die onderwys in Kaapland. Hierdie deel beslaan meer as die helfte van die verhandeling. Oor die sendingskole en oor hoër onderwys is daar twee kort hoofstukkies en dan kom die slothoofstuk oor samevatting, konklusie en slotbeskouing.

Waar die skrywer handel oor die historiese verloop van die gebeurtenisse gedurende die 19e eeu is die werk beslis waardevol, maar hoe nader hy aan die teenswoordige stand van sake kom, hoe vlugger en onnoukeuriger gaan dit. Daar het baie belangrike verwikkelinge sedert 1950 plaasgevind op onderwysgebied en dan verlaat die skrywer hom op werke wat in 1946 reeds verskyn het (kyk bl. 268).

Hierdie tekortkoming moet waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die skrywer hom op te 'n breë terrein gewaag het. Soos die titel aandui, moes ons hier verwag het nog veel meer as wat gegee is. „Spesiaal in die Kaapprovinsie" moes liewer „net in die Kaapprovinsie" gewees het aangesien daar bloedweinig daarbuite gegee is. As die skrywer hom slegs by Kaapland bepaal het, en daardie geskiedenis dan volledig behandel het, sou die werk beslis waardevoller gewees het.

En dan is daar 'n onduidelikheid in die titel. „Kerk" bedoel hier „Nederduits Gereformeerde Kerk", terwyl daar ook ander Afrikaanse kerke is wat 'n belangrike rol in die onderwysontwikkeling in ons land gespeel het. 'n Mens sou verwag dat die skrywer iewers 'n verklaring oor die benaminge van die kerke sou gee, maar dit gebeur nêrens nie. Inteendeel bedien hy hom selfs van die naam „Enkel Gereformeerde Kerk" (bl. 244), 'n kerk wat glad nie bestaan in Suid-Afrika en ook nog nooit hier bestaan het nie.

Wat veral jammer is, is dat die skrywer so min haal uit sy historiese navorsing wanneer hy kom tot sy laaste hoofstuk. Die konklusie en slotbeskouing is beslis ondiep en die gebeure is nie in hulle rolle pedagogiese draagwydte gesien nie.

Hierby kom nog onnoukeurighede soos aanhalings in Afrikaans uit offisiële kerklike stukke in 'n tyd toe Afrikaans nog glad nie in daardie verband gebruik is nie (kyk bl. 103, 128, 145 en talle ander plekke). Dr. W. de Vos Malan word op bl. 70 genoem mnr. de Vos.

Oor die taal en spelling is daar regtig ook veel op te merk. Ek gee hier 'n paar van die veelvuldige foute: vermei ip..v. vermy (bl. 16, 39); onmiddelik i.p.v. onmiddellik (bl. 37, 74, 75, 84, 119); sentras i.p.v. sentra (bl. 40, 48, 18); 'n memoranda (bl. 174); akkomodasie i.p.v. akkommodasie (bl. 47); sorteer i.p.v. resorteer (bl. 209); somme geld i.p.v. bedrae (bl. 98, 122, 124, 179); skoolfooi i.p.v. -geld (bl. 102); nagmaalsfiering i.p.v. -viering (bl. 113); goeie kans staan (bl. 126); eksamenpapiere (bl. 145); eksamenmerke (bl. 145); staande kommissie (bl. 161).

En dan kom nog by dat in die titel „in die opvoeding" „aan die opvoeding" moes gewees het.

Die skrywer het met hierdie proefskrif 'n groot veld ontgin maar daaroor sal nog heelwat nagevors en geskryf moet word.

H. J. J. BINGLE.

Potchefstroom,

6 Maart, 1956.